

Hoofstuk van die dag: Openbaring 20

> *… hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer. (vers 6)*

Verklarings oor dié verse is baie uiteenlopend. ’n Meer letterlike verklaring word die Chiliasme of Millenianisme

genoem. Daarvolgens is daar twee wederkomste van Christus en ook twee opstandings uit die dood. By die eerste wederkoms sal Christus oorwin, Satan vasbind en die gelowiges opwek (die sg. eerste opstanding). Dan sal hulle letterlik ’n duisend jaar saam met Christus regeer. Ná die duisend jaar vaar Christus met sy bruid hemel toe, Satan word ontbind en hy en sy magte kry vir ’n kort tyd geleentheid om in alle felheid teen God in opstand te kom en die gelowiges te onderdruk. Dan kom Christus ’n tweede keer, die tweede opstanding en die laaste oordeel vind plaas.

’n Verklaring wat die simboliek van Openbaring ernstig wil neem, is dat die duisend jaar verstaan moet word as die tyd tussen Christus se eerste koms en sy wederkoms. Satan is deur Christus se dood en opstanding oorwin en gebind. Hy het nou slegs beperkte speelruimte.

Ons lewe dus nou in die duisendjarige vrederyk. Omdat Satan gebind is, kan die kerk in relatiewe vrede die evangelie verkondig en mense na Christus toe lei.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026